http://spilplus.journals.ac.za/

# TAALNORMERING IN DIE SKOOL - 'N ONDERWYSER SE PERSPEKTIEF

J.M. Marais

In die skool as opvoedingsruimte bemoei volwassenes hul met kinders met die doel om hul behoorlik te laat grootword. Die ganse opvoedingsituasie het dus 'n normatiewe karakter; daar is sprake van waardes en norme wat die opvoedingsgebeure ten grondslag lê, dit beheer en rig. Die opvoedingsideaal is dat die kind sô begelei moet word dat hy deur persoonlike beslissing bepaalde positiewe norme sal gehoorsaam; dat hy sal kan onderskei tussen waar en vals; goed en sleg; reg en verkeerd; behoorlik en onbehoorlik; ensovoorts en die regte keuse sal kan maak (Van Rensburg et al. 1979:99-100). Dit moet hy natuurlik ook ten opsigte van sy taal kan doen.

Oor hoe belangrik taal in die totale skoolsituasie is, hoef hier nie weer betoog te word nie. Genoeg is dit om te sê dat sonder taal as kommunikasiemiddel tussen onderwyser en leerling, daar van die opvoedingsgebeure weinig tereg sal kom. Taalnormering in die skool dui op die vasstelling van norme vir die optimale aanwending van Afrikaans as kommunikasiemiddel tussen veral onderwyser en leerling oor die ganse kurrikulum heen en ook op die normering vir 'n behoorlike bemeestering van Afrikaans as skoolvak en die taalwetenskaplike insigte wat daarvoor nodig is.

Die onderwyser, wat met sy toetrede tot die professie verantwoordelikheid aanvaar het vir die behoorlike wording van die kind --- ook ten opsigte van sy taal --- moet hom lei tot 'n uiteindelike selfstandige taalnormering. Omdat die onderwyser ook die kind se taal evalueer, is dit vir hom belangrik om te weet presies wat sy onderwyser van hom verwag. In sekerheid lê sy sekuriteit, wat 'n voorvereiste is vir leer. Hy wil antwoorde hê op vrae soos: wat moet ek van die taal weet/ken om in die toets/ eksamen te slaag? Wat is aanvaarbaar vir my onderwyser? Hoe skryf 'n mens 'n "mooi" opstel? ensovoorts.

Omdat die kind vrae stel waarop hy antwoorde verwag, maak hy dit vir die onderwyser makliker om norme vir hom daar te stel. Van die belangrikste

http://spilplus.journals.ac.za/



algemene taalnorme staan in verband met die skool se taak as gesindheidvormer. Taalnormering sal dan in dié verband beteken dat sekere (positiewe) gesindhede by die kind vasgelê word. Vervolgens word kortliks na slegs vier sulke gesindheidsvormende norme gekyk:

(i) Die kind behoort te streef na maksimale taaldoeltreffendheid en kommunikatiewe vaardigheid (Sillabusse vir Afrikaans van die Departement van Onderwys van die Kaapse Provinsiale Administrasie; Hudson 1980:230). Hy moet die taal sien as instrument wat in al die belangrike kulturele, sosiale en politieke sake gebruik word. Dit is die draer van godsdiens, filosofie, wetenskap en kuns. Dit is die instrument van massakommunikasie in die pers, radio, televisie, tydskrifte, joernale en boeke. Dit is die medium waardeur hy onderrig word en waarin hy leer (Tauli 1968:5). Dit spreek vanself dat hoe doeltreffender die kind sy taal kan hanteer, hoe beter kan hy onderrig word en hoe beter kan hy leer.

(ii) 'n Belangrike gesindheid wat by die kind ingeskerp behoort te word, is dat die taal 'n magtige wapen is wat verantwoordelik gehanteer moet word. Heatherington (1980:167) wys daarop dat gelaaide woorde eintlik wapens is en dikwels as sodanig gebruik word deur wat sy noem "woordpolitici" om die gedrag van hoorders te manipuleer deur 'n emosionele, eerder as 'n rasionele effek te verkry. Die politieke aanwending van 'n taal is volgens haar nie om inligting te kommunikeer nie, maar eerder om emosies te wek wat die politikus vir sy eie doeleindes gebruik. Politieke taal (waarin ons byvoorbeeld hoor hoe "ons duurgekoopte vryheid" deur die ander party geminag word), advertensietaal (waarin byvoorbeeld vir ons vertel word dat daar 'n wit is wat witter as wit is), rassistiese taal (waarin die swakhede van die houtkop/rooinek/"rock spider"/kaaskop verkondig word) en propagandataal (waar ons nie toegelaat word om self oor 'n saak te dink en besluite te neem nie), om maar 'n paar te noem, is taaltipes wat die skolier behoort te kan identifiseer. Hy behoort dit voorts te kan beoordeel volgens die norme waartoe onder andere sy onderwyser hom gelei het.

(iii) Die kind behoort sy taal (as kultuurbesit) te wil verbeter. Tauli (1968:9) glo dat omdat taal 'n instrument is, dit geëvalueer, verander, gereguleer en verbeter kan word. Die onderwyser moet die kind lei om anders te wees as die groep taalgebruikers na wie Heatherington (1980:vii) verwys. Hulle is opgelei om te glo dat 'n taal nie ontleed hoef te word nie; dat net drilwerk nodig is, want vir hulle is taalgebruik net reg of verkeerd en

http://spilplus.journals.ac.za/



dit is al wat gesê behoort te word. In teenstelling hiermee behoort hy krities-wetenskaplik teenoor sy taal ingestel te wees.

(iv) In een van 'n reeks artikels oor die nuwe tweetalige woordeboek bepleit mederedakteur Johan Spies iets wat in ons dag gerus as 'n gesindheid by ons leerlinge gekweek kan word:

> "Ter wille van onsself en ter wille van die andertaliges in die land moet ons Afrikaans nie onnodig verskillend van Engels maak nie ... In die taalstudie moet nie meer klem op andersheid as op die eendersheid van die twee tale gelê word nie." (Die Burger, 4 Oktober 1984)

U het waarskynlik ook die argument gehoor dat 'n woord soos **motorkar** nie aanvaarbaar is nie omdat dit te veel soos Engels klink. Dit wil lyk asof dit nie 'n gesonde norm is om iets uit Afrikaans te weer bloot net omdat dit te veel na Engels lyk/klink nie. Die norme van een taal (sê maar Afrikaans) hoef nie altyd aggressief gemik te wees teen 'n ander taal (sê maar Engels) nie. Ter wille van vreedsame naasbestaan kan hierdie (lewens-)norm seker nooit genoeg beklemtoon word nie.

Besinning oor taalnormering in die skoolsituasie moet noodwendig die kwessie van reg of verkeerd ter sprake bring. Die kind, net soos baie volwassenes ("The linguistic thought of Americans has long been marked by a prescription concern for 'correctness'" (Drake 1977:323)), wil weet wat is korrek en wat is verkeerd. Deel van alle onderwysers se taak is om hul leerlinge weg te lei van hierdie simplistiese siening van sake. Taalmense weet dat by 'n taal dit nie altyd so maklik is om te sê wat korrek en wat verkeerd is nie. Die Spellys sê die korrekte spelwyse is **impies**, maar die kind mag gerus maar wonder hoekom **impi's** (soos **alibi's** wat ook 'n "vreemde" woord is) en **iempies** (vergelyk: **iemand**) nie ook korrek is nie.

Kwaai dinge is al gesê oor die sug na korrektheid. Bloomfield (1933:496-9) het lank gelede al geglo dat die dogma van korrektheid ontstaan het uit die behoeftes van mense wat daarin geslaag het om hul op te werk in die samelewing en nou met hul taalgebruik indruk wil maak. Hul gaan dan heen en doen dinge wat hoort by 'n meer bevoorregte groep. Dikwels neem hierdie dinge dan die vorm aan van onnatuurlike spraak. Die snobspreker gebruik taalvorme wat nie algemeen voorkom onder sy medestanders nie, want hy glo (dikwels verkeerdelik) dat voorkeur gegee moet word aan die vorme wat gebruik word deur sprekers wat tot 'n "beter" klas behoort. Hy is natuurlik

http://spilplus.journals.ac.za/



'n maklike prooi vir taal-outoritêre (Southworth & Daswani 1974:254-5). Hall (1960:13) voel dat "korrek" slegs kan beteken "sosiaal aanvaarbaar" en dat dit, afgesien hiervan, geen betekenis ten opsigte van die taal het nie. "Goeie" taal sien hy (1960:27) as die taal wat die verlangde effek bereik met die minste wrywing en die minste probleme vir sy gebruiker.

Die kwessie van reg en verkeerd bring 'n mens by 'n "korrekte" of norm- of model- of standaardtaal. (In die RSA: Standaard-Afrikaans). Daar is natuurlik 'n standaard ten opsigte van die gesproke sowel as die geskrewe taal (Bartsch 1974:51). 'n Standaardtaal het vir die oorgrote meerderheid leerlinge die voordeel dat dit vir hulle meer presies sê wat toelaatbaar is en wat nie. Dit gee vir hulle 'n gevoel van taalsekuriteit of taalgeborgenheid --- met as bonus groter kommunikasievrymoedigheid in meer formele situasies in die klaskamer. Die term "standaard" dui tog immers op 'n sekere mate van ooreenstemming (Southworth & Daswani 1974:261). Tauli (1968:17) beweer dat die besit van 'n gemeenskaplike taal 'n voorvereiste is vir normale, maklike en doeltreffende kommunikasie. Hy wys verder daarop dat eenheid doeltreffendheid beteken, terwyl diversiteit 'n vermorsing van energie meebring. Uniformiteit is inherent aan die taal beide as sosiale fenomeen en as kode. Standaardtaal beteken doelbewuste keuses en beplanning (Tauli 1968:18-9). As die magsposisie van die onderwyser in die klaskamer in gedagte gehou word, ys 'n mens as jy dink aan die skade wat in die verband aangerig kan word deur 'n onderwyser wat taalnorme moet vaslê terwyl hy onbevoeg, bevooroordeeld of verouderd in sy siening is.

Nogal 'n belangrike probleem vir die onderwyser is hoe om te werk te gaan om die normtaal of Algemeen-Beskaafde Afrikaans aan sy leerlinge oor te dra. Moet hy preskriptief of deskriptief te werk gaan? Bodine (1975:129) sê dat daar altyd 'n spanning was tussen die deskriptiewe en preskriptiewe funksies van grammatika. Volgens haar is deskriptiewe grammatika dominant onder teoretici, maar word in die skole preskriptief te werk gegaan. Miskien veralgemeen sy darem te kwaai, maar Afrikaans-kollegas sal weet van die "opheffingswerk" wat byvoorbeeld ten opsigte van uitspraak gedoen word a la die preskriptiewe metode. Soms met minder sukses. Wie het dit byvoorbeeld al reggekry om leerlinge in hul gewone omgang te laat sê **junior** (met die j uitgespreek soos in **jas** en die u soos in muur en nie soos in **boer** nie)? Ook ten opsigte van woordkeuse doen ons ons deel om die "korrekte" voor te skryf. Dink maar net aan die lang lyste van sogenaamde vaste uitdrukkings in die meeste van ons taalhandboeke. Terloops: hoe lank het ons ewe vroom geleer dat 'n mens 'n trein **verpas** voordat iemand die moed

http://spilplus.journals.ac.za/



gehad het om te sê nonsens, 'n mens mis die ellendige ding as jy te laat by die stasie kom. Aan die ander kant sal niemand kan ontken dat die preskriptiewe metode beslis nie geheel en al sonder verdienste is nie --- al is sy enigste bate dan ook net dat hy 'n soort gemeenskaplike taalbasis daarstel.

Preskripsie is volgens Heatherington (1980:215) die sosiale "behoort te"-lys van toonaangewende/nie-toonaangewende sjibbolette met die klem swaar op die **moenie**. Die Engelse moenie-voorbeelde wat sy noem, kan goedskiks vervang word met: moenie 'n sin met en begin nie; moenie skryf hy't gepraat nie; moenie sê hy was siek gewees nie; moenie ruwe taal gebruik nie, ensovoorts. Sy wys daarop (1980:216) dat dit beter is om 'n kind se taalgedrag te wysig deur vir hom aan te toon dat sekere taalgedraginge meer sosiale prestige-waarde het in sekere omstandighede as ander. 'n Kind moenie voel dat hy oor sy swak taalgebruik moreel veroordeel word nie. Dit sal al baie help om liewer te praat van "standaard"-gebruik as van die "korrekte" gebruik gebruik (Hall 1960:9-29).

Een moontlike manier om taalnormering in die skoolsituasie pynloos te laat geskied, is om die taal deskriptief te onderrig aan die hand van "lewende" tekste uit die alledaagse werklikheid. Deur dit dan krities te ontleed met die hulp (en die bedoeling is dat die leerlinge regtig moet help!) van die klas, kan sake soos woordkeuse, sinsbou, betekenis, ensovoorts op 'n sinvolle manier onderrig word. Waar leerlinge help om taalnorme te ontdek, kan ten minste nie gekla word dat aan hulle voorgeskryf word nie!

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

Bartsch, R. (1982) "The concepts 'rule' and 'norm' in linguistics", **Lingua** 58:51-81.

Bloomfield, L. (1933) **Language**. London: George Allen & Unwin Ltd.

Bodine, A. (1975) "Androcentrism in prescriptive grammar: Singular 'they', sex-indefinite 'he' and 'he' or 'she'", **Language in Society** 4:129-146.

Drake, G. (1977) "American linguistic prescription: its decline and revival in the 19th century", **Language in Society** 6:323-40.

Hall, R.A. Jr. (1960) **Linguistics and your language**. New York: Anchor Books Doubleday & Company, Inc.

Heatherington, M.E. (1980) **How language works**. Cambridge, Massachusetts: Winthrop Publishers, Inc.

Hudson, R.A. (1980) **Sociolinguistics**. Cambridge University Press.

Southworth, F.C. & Daswani, C.J. (1974) **Foundations of linguistics**. London: Collier Macmillan Publishers.

Spies, J.J. (1984) "Afrikaans, Engels beweeg nader", **Die Burger**, 4 Oktober 1984.

Tauli, V. (1968) **Introduction to a theory of language planning**. Uppsala: Almqvist & Wiksells.

Van Rensburg, C.J.J., C.J.G. Killian, & W.A. Landman (1979) **Fundamentalpedagogiese begripsverklaringe -- 'n inleidende oriëntering.** Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.